# Die Nico Groenewald Goldfields Uitstyg Beurstoekenning

**Algehele agtergrond:**
Daar het oor die jare `n groot leemte by Goldfields Koshuis ontstaan waar daar nie die nodige erkenning aan hardwerkende individue gegee word nie. Vervolgens probeer hierdie toekenning die nodige erkenninge gee aan die persoon(e) wat getuig van absolute lojaliteit teenoor die koshuis. Let wel dat die klem nie op die finansiële beloning val nie, maar veel eerder die erkenning van hardewerk. Die oorhoofse doelwit met die toekenning is ook om `n voorbeeld vir ander persone, en veral die Alumni, te stel waar meer soortgelyke inisiatiewe van stapel gestuur kan word – waar daar `n tradisie kan ontstaan van erkenning gee aan verdienstelike persone.

**Wie borg die beurs?**
Hierdie borg-inisiatief is deur myself, Nico Groenewald, in die lewe geroep. Ek is tans `n vierdejaar Chemiese Ingenieur-student wat vir die tydperk 2004 tot die hede woonagtig was te Goldfields Koshuis.

**Tydperk van toekenning:**
Die beursbedrag sal jaarliks deur die beursgewer vasgestel word, maar sal nooit minder as R500 wees nie. Daar sal jaarliks gedurende Junie-maand met die Inwonende Hoof van Goldfields inverbinding getree word om die beursbedrag te bevestig, en of vas te stel of daar in daardie jaar wel `n beurs beskikbaar sal wees. Daar sal gepoog word deur die beursgewer om vir so lank as moontlik die beurs te befonds, maar behou hom die reg toe om `n beurstoekenning vir watter rede ookal te weier vir `n betrokke jaar.

**Beursoorhandiging:**
Die beurstoekenning sal by die jaarlikse Henne&Hane-dinee van Goldfields Koshuis toegeken word. Die oorhandiging sal deur die beursgewer behartig word. In gevalle waar die laasgenoemde egter onmoontlik is sal die oorhandiging deur die Inwonende Hoof behartig word.

**Voorstelling van die kandidate:**
Die HK (soos saamgestel op 24 Maart van die jaar waarin die toekenning plaasvind) moet op vyf potensiële kandidate besluit. Hierdie groep moet bestaan uit 3 eerstejaar en 2 tweedejaar studente. Daar word egter vereis dat die genomineerdes se name reeds by die laaste Huisvergadering (in die derde kwartaal) van die "ou" HK bekend gemaak moet word. Hierna moet hul name op die Goldfields webtuiste geplaas word. Geen verdere voorlegging hoef aan die beursgewer gemaak te word nie. Dit is die prioriteit van die HK om hierdie inisiatief te bestuur.

**Aanwysing van die ontvanger(s):**
Die HK (soos saamgestel met die aanvang van die vierde kwartaal in die jaar waarin die toekenning plaasvind) en die Inwonende Hoof van Goldfields kies die mees geskikste ontvanger(s) deur gebruik te maak van die onderstaande kriteria.

**Beurskriteria:**
Die volgende kriteria moet gebruik word om die mees geskikste ontvanger van die Uitstygtoekenning te identifiseer:

- Betrokkenheid by en ondersteuning van Goldfields-funksies en geleenthede.
- Die kandidaat moet passievolheid en onverdeelde trou aan die koshuis openbaar.
- Die kandidaat moet deur hul aksies die naam van die koshuis bevorder.
- Moet konstruktief bydra tot die opbou en her-posisionering van Goldfields
- Moet koshuis-plek hê tydens die Junie-maand plasings vir die jaar wat die toekenningsjaar volg.

Let wel dat daar onder geen omstandighede van die volgende as toekennings-kriteria gebruik gemaak mag word nie:

- Ras
- Geslag
- Kultuur
- Taalvoorkeure
- Behoeftigheid



Goldfields Koshuis/Residence• Hammanshand weg/road • Matieland, 7600 • Suid-Afrika/South Africa,
Tel: +27 21 886 4243 • Faks/Fax: +27 21 886 4243
E-pos/E-mail: HKGOLDFIELDS@sun.ac.za

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

**Afwesigheid tov beursoorhandigingsfunksie:**
Indien die wenner nie die beursfunksie kan bywoon nie weens akademiese verpligtinge moet hy/sy die primarius(ia) hiervan skriftelik in kennis stel. Die toekenning sal steeds plaasvind, maar die verskoning moet dan by die funksie gelees word.

**Toekenning aan meer as een kandidaat:**
In gevalle waar die HK nie op een kandidaat konsensus kan bereik nie, mag `n maksimum van twee ontvangers aangewys word. Let wel dat die grootte van die beursbedrag nie as riglyn gebruik mag word nie. Slegs in uitsonderlike gevalle word twee kandidate oorweeg.

**Bemarking van die beurs:**
Dit word aan die diskresie van die HK oorgelaat om te bepaal watter maniere toepaslik is om die beurs te bemark. Daar word egter voorgestel om die Goldfields Koshuis webtuiste daarvoor te gebruik.

**Slotsom**
Hierdie beurs word met goede trou aan die Huis geskenk. Die doel daarvan is rein en poog daarin om `n kultuur van erkenning daar te stel en ook ander rolspelers aan te moedig om aktief by ons geliefde Goldfields betrokke te wees – ons Koshuis, ons Trots.

Die uwe,
Nico Groenewald



Goldfields Koshuis/Residence• Hammanshand weg/road • Matieland, 7600 • Suid-Afrika/South Africa,
Tel: +27 21 886 4243 • Faks/Fax: +27 21 886 4243
E-pos/E-mail: HKGOLDFIELDS@sun.ac.za